# WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK

## ONGEOUDITEERDE FINANSIëLE STATE - 30 JUNIE 2018

**WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK**

**FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2018**

**EERSTERIVIER SUBDISTRIK BESONDERHEDE**

| | |
|---|---|
| Subkomitee: | KvH Kirsten<br>PJ Roux<br>PW Winshaw<br>R Joubert<br>O Filander<br>L Horn |
| Posadres: | Posbus 12658<br>Die Boord<br>7613 |
| Opsteller: | Hierdie finansiële state is onafhanklik voorberei deur:<br>J du Toit CA (SA) |
| Bankiers: | Nedbank |

**INHOUDSOPGAWE** **BLADSY**


| | |
|---|---|
| Kompilasieverslag | 1 |
| Goedkeuring deur die Subkomitee | 2 |
| Staat van Finansiële Posisie | 3 |
| Staat van Omvattende Inkomste | 4 |
| Staat van Omvattende Inkomste - Wateradministrasie | 5 |
| Staat van Verandering in Ekwiteit | 6 |
| Staat van Kontantvloeie | 7 |
| Aantekeninge | 8 - 10 |

**WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK**

GOEDKEURING DEUR DIE SUBKOMITEE

Die finansiële state en addisionele inligting uiteengesit op bladsye 3 tot 10 is deur die Subkomitee goedgekeur en namens die Subkomitee onderteken deur:

.........................................................
VOORSITTER

.........................................................
SEKRETARIS

13. 12. 2018

pwc

**PRAKTISYN SE KOMPILASIEVERSLAG AAN DIE BESTUUR VAN WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING – EERSTERIVIER DISTRIK**

Ons het die finansiële state van Wynland Watergebruikersvereniging – Eersterivier Distrik, soos uiteengesit op bladsye 3 tot 10, gekompileer op grond van inligting deur bestuur verstrek. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie van Wynland Watergebruikersvereniging – Eersterivier Distrik soos op 30 Junie 2018, en die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en staat van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Ons het hierdie kompilasie-aanstelling ooreenkomstig die '*International Standard on Related Services 4410 (Revised), Compilation Engagements*' uitgevoer.

Ons het ons kundigheid in rekeningkunde en finansiële verslagdoening toegepas om u by te staan met die opstel en voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig die rekeningkundige grondslag wat beskryf word in aantekening 1 tot die finansiële state. Ons het voldoen aan die toepaslike etiese vereistes, insluitende die beginsels van integriteit, objektiwiteit, professionele bevoegdheid en redelike sorg.

Die finansiële state, en die akkuraatheid en volledigheid van die inligting gebruik om die finansiële state te kompileer, is u verantwoordelikheid.

Aangesien 'n kompilasie-aanstelling nie 'n gerusstellingsaanstelling is nie, word ons nie vereis om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat u aan ons verskaf om hierdie finansiële state te kompileer, te verifieer nie. Dienooreenkomstig spreek ons nie 'n ouditmening of 'n oorsig-gevolgtrekking rakende die voorbereiding van hierdie finansiële state in ooreenstemming met die rekeningkundige grondslag wat beskryf word in aantekening 1 tot die finansiële state uit nie.

Soos aangedui in aantekening 1, is die finansiële state opgestel en aangebied in ooreenstemming met die rekeningkundige grondslag wat beskryf word in aantekening 1 tot die finansiële state. Die finansiële state is opgestel vir bestuursdoeleindes. Gevolglik mag hierdie finansiële state moontlik nie gepas wees vir 'n ander doel nie.

Ons kompilasieverslag is uitsluitlik vir u gebruik bedoel en moet nie aan enige ander partye versprei word nie.

Assosiaat Direkteur: J du Toit
Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)
Stellenbosch

13. 12. 2018

*PricewaterhouseCoopers Geïnk., Capital Place, Neutronlaan 15-21, Tegnopark, Stellenbosch, 7600*
*Posbus 57, Stellenbosch, 7599*
*T: +27 (0) 21 815 3000, F: +27 (0) 21 815 3100,* www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampte: T D Shango
Bestuurskomitee: S N Madikane, J S Masondo, P J Mothibe, C Richardson, F Tonelli, C Volschenk
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682.

**WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK**

**STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE OP 30 JUNIE 2018**

| | Aantekeninge | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Voertuie en toerusting | 2 | 28,417 | 39,417 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Debiteure | 3 | 77,585 | 32,807 |
| Kontant en kontantekwivalente | 4 | 776,186 | 531,126 |
| | | 853,771 | 563,933 |
| **TOTALE BATES** | | 882,188 | 603,350 |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | | | |
| Behoue inkomste | | 714,542 | 579,889 |
| Reserwefonds | | 3,321 | 3,321 |
| | | 717,863 | 583,210 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Krediteure | 5 | 164,325 | 20,140 |
| **TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | 882,188 | 603,350 |

**WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK**

**STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2018**

| | Aantekeninge | **2018** R | **2017** R |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | 551,776 | 276,804 |
| Heffings | 6 | 524,100 | 250,485 |
| Netto rente ontvang | | 27,676 | 26,319 |
| Wateradministrasie (verlies) / wins | 7 | (27,406) | 12,300 |
| | | 524,370 | 289,104 |
| **Min: UITGAWES** | | 389,717 | 410,468 |
| Assuransie en lisensie | | 3,274 | 3,645 |
| Bankkoste en rente | | 1,634 | 1,579 |
| Koste van indiensneming | | 181,256 | 124,740 |
| Kanaalgebruikers | | 103,256 | 106,740 |
| Riviergebruikers | | 78,000 | 18,000 |
| Motorkoste | | 24,928 | 27,297 |
| Ouditeursvergoeding | | 21,561 | 20,140 |
| Rekenmeestersgelde | | 116,592 | 95,515 |
| Regskoste | | - | 22,793 |
| Instandhouding | | 29,472 | 103,759 |
| Waardevermindering | | 11,000 | 11,000 |
| NETTO WINS / (VERLIES) VIR DIE JAAR | | 134,653 | (121,364) |

**WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK**

**STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2018 (WATERADMINISTRASIE)**

| | Aantekeninge | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Wateradministrasie - huidige jaar | 7 | 373,249 | 227,610 |
| **Min: UITGAWES** | | | |
| Wateradministrasie - huidige jaar | 7 | 400,655 | 215,310 |
| NETTO WINS / (VERLIES) VIR DIE JAAR | | (27,406) | 12,300 |

## WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK

## STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2018

| | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|
| **BEHOUE INKOMSTE** | | |
| Begin van die jaar | 579,889 | 701,253 |
| Netto wins / (verlies) vir die jaar | 134,653 | (121,364) |
| Einde van die jaar | 714,542 | 579,889 |
| **RESERWEFONDS** | | |
| Begin van die jaar | 3,321 | 3,321 |
| Einde van die jaar | 3,321 | 3,321 |

**WYNLAND WATERGEBRUIKERSVERENIGING - EERSTERIVIER DISTRIK**

**STAAT VAN KONTANTVLOEIE VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2018**

| | Aantekening | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|---|
| **KONTANT GENEREER / (BENUT) DEUR BEDRYFSAKTIWITEITE** | | 245,060 | (81,443) |
| Kontant ontvang vanaf lede | | 852,571 | 504,877 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | | (635,187) | (612,638) |
| Kontant gegenereer / (benut) deur bedrywighede | 8 | 217,384 | (107,761) |
| Rente ontvang | | 27,676 | 26,319 |
| **TOENAME / (AFNAME) IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | | 245,060 | (81,444) |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE BEGIN VAN JAAR** | | 531,126 | 612,570 |
| **KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | 4 | 776,186 | 531,126 |

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële state word volgens die historiese koste-grondslag opgestel. Die hoof rekeningkundige beleid word hieronder uiteengesit en is in alle wesenlike opsigte konsekwent met dié van die vorige jare toegepas.

### 1.1 Voertuie

Voertuie word getoon teen historiese kosprys min opgehoopte waardevermindering. Kosprys sluit in alle kostes om die bates in 'n werkende toestand te kry. Waardevermindering word afgeskryf na wins of verlies oor die nuttige lewensduur van die bate, naamlik 5 jaar.

### 1.2 Debiteure

Handelsdebiteure word gedra teen verwagte realiseerbare waarde. 'n Beraming is gemaak vir twyfelagtige ontvangstes gegrond op 'n oorsig van alle uitstaande bedrae teen jaareinde. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit geïdentifiseer word.

### 1.3 Krediteure

Handelskrediteure word aanvanklik teen billike waarde en daarna teen geamortiseerde koste bereken deur die effektiewe rentekoersmetode te gebruik.

### 1.4 Kontant en kontant ekwivelente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande en banksaldo's.
Bankoortrekkings word in die Balanasstaat onder bedryflaste getoon.

### 1.5 Inkomste erkenning

Inkomste verteenwoordig heffings gevorder en gelde ontvang vir wateradministrasie, belasting op toegevoegde waarde uitgesluit.

### 1.6 Rente ontvang

Rente-inkomste word erken soos dit oploop tensy invorderbaarheid twyfelagtig is.

## 2. VOERTUIE EN TOERUSTING

| | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|
| **Kosprys / Cost** | | |
| Kosprys - 1 Julie 2017 | 55,000 | 55,000 |
| Aankope | - | - |
| Verkope | - | - |
| Kosprys - 30 Junie 2018 | 55,000 | 55,000 |
| **Waardevermindering** | | |
| Waardevermindering - 1 Julie 2017 | 15,583 | 4,583 |
| Waardevermindering vir die jaar | 11,000 | 11,000 |
| Waardevermindering - 30 Junie 2018 | 26,583 | 15,583 |
| **Boekwaarde -** | | |
| 30 Junie 2018 | 28,417 | 39,417 |

## 3. DEBITEURE

| | | |
|---|---|---|
| Verhaalbare waterkoste | | |
| - huidige jaar | 72,996 | 17,100 |
| BTW | 4,589 | 15,707 |
| | 77,585 | 32,807 |

## 4. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

| | | |
|---|---|---|
| Tjekrekening - Nedbank | 86,073 | 3,689 |
| Spaarrekening - Nedbank | 690,113 | 527,437 |
| | 776,186 | 531,126 |

## 5. KREDITEURE

| | | |
|---|---|---|
| Ouditvoorsiening | 41,701 | 20,140 |
| Voorsiening vir rekenmeestersgelde | 20,980 | - |
| Handelskrediteure | 98,936 | - |
| Salaris verwante krediteure | 2,708 | - |
| | 164,325 | 20,140 |

| | 2018<br>R | 2017<br>R |
|---|---|---|
| **6. HEFFINGS** | | |
| Kanaalgebruikers | 509,100 | 235,485 |
| Huishoudelike gebruikers | 15,000 | 15,000 |
| | 524,100 | 250,485 |
| **7. WATERADMINISTRASIE** | | |
| Verhaal van lede - huidige jaar | 373,249 | 227,610 |
| Min waterkoste - huidige jaar | 400,655 | 215,310 |
| | (27,406) | 12,300 |

**8. BELASTING**

Geen belasting berekening word gedoen nie, aangesien die Watergebruikersvereniging vrygestel is van belasting. Ingevolge artikel 10 (1) (CA) van die inkomstebelasting wet.

**9. AANTEKENINGE TOT DIE STAAT VAN KONTANTVLOEIE**

| | 2018 | 2017 |
|---|---|---|
| **KONTANT GEGENEREER / (BENUT) IN BEDRYWIGHEDE** | 217,384 | (271,072) |
| Bedryfswins / (verlies) volgens staat van omvattende inkomste | 134,653 | (284,675) |
| Nie-kontantvloei- en ander items | | |
| - Waardevermindering | 11,000 | 11,000 |
| - Rente ontvang | (27,676) | (26,319) |
| **AANPASSINGS VIR VERANDERING IN BEDRYFSKAPITAAL** | 99,407 | 28,921 |
| Debiteure | (44,778) | 26,781 |
| Krediteure | 144,185 | 2,140 |